

**Titel: Sleutels wat oopsluit**  
**Pastoor: Hercules Opperman**  
**Datum: 26 September 2010**  
**Tyd: 09h30**




**Jes 64:1-4**

<sup>1</sup> Ag, as U maar die hemele wou skeur, wou neerdaal, dat die berge wankel voor u aangesig <sup>2</sup> -- soos vuur die houtjies aan die brand steek, vuur die water laat opborrel om u Naam aan u teëstanders bekend te maak, sodat nasies voor u aangesig kan bewe <sup>3</sup> wanneer U vreeslike dinge doen waar ons nie op gehoop het nie -- as U maar wou neerdaal, sodat die berge wankel voor u aangesig! <sup>4</sup> Van ouds af tog het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het 'n God gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie, behalwe U.

**Matt 16:19**

<sup>19</sup> En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.

**a) eenheid onder God se kinders**



**b) bekering**

**“when minds are renewed, what used to seem costly now seems only reasonable.”**  
– Mike Bickle

**Tien aanduidings van transformasie in die samelewing (George Otis Jnr):**

1. Politieke leiers erken hulle sonde en afhanklikheid van God openlik.
2. Nuwe wette en besigheidspraktyke word in werking gestel.
3. Die natuurlike omgewing word tot sy oorspronklike toestand herstel.
4. Ekonomiese toestande verbeter en lei tot merkbare afname in armoede.
5. Daar is duidelike verandering in sosiale vermaak en wanpraktyke soos wat die waardes van die koninkryk in die ritme van elke dag geïntegreer word.
6. Misdaad en korrupsie neem dwarsdeur die gemeenskap af.
7. Vrywilligers vermeerder soos wat Christene hulle verantwoordelikheid om die gemeenskap te genees en te ondersteun, herken.
8. Die herstel van hoop en vreugde lei tot 'n afname in egskeiding, bankrotskap en selfmoord.
9. Die geestelike aard van die groeiende sosio-politiese vernuwing word 'n gewilde onderwerp in die sekulêre media.
10. Oorweldig deur God se goedheid, neem dankbare Christene die gloeiende kole van herlewing na die gemeenskappe en volke rondom hulle.

## Hoe is ons gered?

- 85 % van Amerikaners noem hulself Christene
- Slegs 41% van hulle is wedergebore
- Van die 41 % wedergebore gelowiges is slegs 7% evangelies, m.a.w. 7% aanvaar dat die Bybel akkuraat en gesaghebbend is
- Byna 50% van alle nie-evangeliese wedergebore Christene glo dat Jesus nie 'n sondelose lewe gelei het nie.
- 62% van wedergebore Christene glo dat Satan nie werklik bestaan nie, maar bloot 'n simbool van boosheid is.

-Barna navorsingsgroep, Amerika

### Die grootste gevare waarvoor die kerk in die twintigste eeu te staan sal kom:

- Godsdien sonder die Heilige Gees
- Christenskap sonder Christus
- Vergifnis sonder vernuwing
- Moraliteit sonder God
- Hemel sonder hel

- Generaal William Booth

### Deut 4:24

<sup>24</sup> Want die HERE jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God.

## c) Liefde en nederigheid

### Jer 29:11

<sup>11</sup> Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

### Jer 29:5-7

<sup>5</sup> Bou huise en woon, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan; <sup>6</sup> neem vroue en verwek seuns en dogters, en neem vroue vir julle seuns en gee julle dogters aan mans, dat hulle seuns en dogters baar; en vermenigvuldig daar, en moenie verminder nie; <sup>7</sup> en soek die vrede van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid daarvoor tot die HERE; want in die vrede daarvan sal julle vrede hê.

Ouboet,

Dit was goed om gister by die HPC met jou te kon gesels. Ek het nog nie enige video's van jou twee wedstryde gesien nie maar volgens jou het dit goed verloop. Ek is al so vier of vyf weke ERG bekommerd oor jou. Ek is dankbaar dat ek die gesprek met jou kon voer oor die verblindings van die sinne. Die hele Bybel is vol voorbeelde juis oor hierdie onderwerp. Dit is 'n virus wat in die denke van die mens insluip en die deur oopmaak vir HOOGMOED. Niemand kom dit agter behalwe die mense wat gewoonlik die naaste is aan jou. Die afgelope tyd, elke keer as ek jou iets vra oor die span of waar julle gaan speel, of wie speel; ek skat dit gebeur nou al van middel Januarie af, dan antwoord jy met 'n stemtoon en 'n houding van: dis darem nou 'n swak vraag? Ek is deesdae half bang om jou te bel want dit klink of enige gesprek wat ek met jou voer jou tyd mors of miskien het ek al by baie roemryke seuns gesien; hulle pa is vir hulle 'n embarrassment. As dit die geval is sal ek totaal onttrek en nie vir jou 'n embarrassment wees nie, en slegs agterlangs soos ouma Cilie maar net vir jou bid. Jy staan voor die deur van die grootste oomblikke van jou lewe. Net so vinnig as wat jy daar gekom het; kan mens tweekeer so vinnig val. My bedde is dat jy die droomseun sal bly wie almal jou ken wie jy is. Dat jy die Here vra om te vergewe as die hoogmoed virus jou getref het en die volgende twee weke se voorbereiding 'n FOKUS op die totale excellence sal wees soos nooit tevore in jou lewe nie. Die hele wêreld se oë is op jou binne die volgende maand. Ek is baie lief vir jou en trots op jou en ek weet jy gaan een van die "all time greats" word.

Liefde Pa

## d) Intimiteit met God

### **2 Sam 24:24**

<sup>24</sup> Maar die koning het Arauna geantwoord: Nee, maar ek wil dit verseker van jou koop vir sy prys; en ek wil nie verniet aan die HERE my God brandoffers bring nie. En Dawid het die dorsvloer en die beeste gekoop vir vyftig sikkels silwer.

### **Jer 29:13-14**

<sup>13</sup> En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. <sup>14</sup> En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander en julle versamel uit al die nasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het, spreek die HERE; en Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggevoer het.